Camp Discovery
(Pty) Ltd Game Reserve
Leadership, Sport and Adventure Academy

P.O. Box 11328
Hatfield
0028

Tel: 012 722 0072
Fax: 012 722 0073
Email: info@campdiscovery.co.za

Company Reg. No. 2002/019899/07
VAT Reg. No. 4660228208

Geagte Skoolhoof en Rugbyorganiseerder,

USN GEVORDERDE AFRIGTINGSEMINAAR VIR AFRIGTERS MET SWYS DE BRUIN - LIONS SUPER RUGBY HOOFAFRIGTER

Swys de Bruin, een van die toonaangewers in Wêreldrugby, wil u graag uitnooi vir `n afrigtings naweek, waar hy verskeie aspekte van Rugby met skole afrigters gaan hanteer.

MEER OOR CAMP DISCOVERY

`n Verskeidenheid wild-, voël- en boomspesies kom hier voor in `n tipiese bosveldhabitat. Gereelde wildbesigtigingsritte is deel van die program. `n Verskeidenheid van wild soos elande, kameelperde, swartwitpense, bastergemsbokke, gemsbokke, waterbokke, rooihartebeeste, koedoes, rooibokke, blouwildebeeste, springbokke, rietbokke, bosbokke, zebras, njalas, duikers, steenbokkies en vlakvarke word gereeld gesien. Daar word ook geteel met goue wildebeeste en swart rooibokke.

Ons terrein en fasiliteerders is van uitstekende gehalte. Aktiwiteite wat waarde toevoeg tot die program is onder andere fietsritte, boogskiet, hindernisbane en ons uitstekende spyskaart!

MEER OOR SWYS DE BRUIN

Swys de Bruin is 'n Suid-Afrikaanse rugbyunie-afrigter, tans die hoofafrigter van die Goue Leeus Curriebeker-span en die Lions Super Rugby-span.

Hy het sy afrigtingloopbaan in Durban by die Sharks-akademie begin. Hy was die hoofafrigter van die Sharks o/21 span in 1996 en 1997 asook hoofafrigter van die 1998-Vodacombeker-toernooi se Natalse Wildebeeste. Hy het die span tot in die halfeindronde van die kompetisie gelei.

Na die 1998 Vodacombeker-toernooi, het hy na Kimberley verhuis om die hoofafrigter van die Griekwas te word. Hy het die span tussen 1998 en 2003 afgerig en gehelp om die eindstryd van die kompetisie in 1999 en 2000 te bereik.

In 2001 was Swys ook in beheer van die Suid-Afrikaanse o/21 span. Hy het in 2004 na Durban teruggekeer om hoof- en vaardigheidsafrigter van die Sharks-akademie te word waar hy gehelp het met die Vodacombeker se o/21 en o/19 span.

Na agt seisoene in Durban het Swys na Johannesburg verhuis om die hulpafrigter van die Goue Leeus te word en die Leeus se hoofafrigter, Johan Ackermann by te staan. In die 2016 en 2017 Super Rugby-seisoen het die Leeus, onder Johan Ackermann en Swys De Bruin se leiding, die Suid-Afrikaanse konferensie gewen en die finaal van die kompetisie bereik.

WAT KAN JY VERWAG VAN DIE SEMINAAR

Hierdie seminaar is slegs vir skole Rugbyafrigters.

Die program sluit professionele, gevestigde afrigters in wat sommige van die aspekte van die spel sal hanteer. Spanbou aktiwiteite sal ook deel van die program wees.

Daar is baie min geleenthede vir u as afrigter om skouers te skuur met die beste afrigters in die land, so maak seker dat u hierdie geleentheid nie misloop nie.

Teoretiese en Praktiese aspekte van die spel sal tydens hierdie seminaar hanteer word.

DATUM

- 12 – 14 Januarie 2018

FOOI

- R 2 000-00 per afrigter

DIE FOOI SLUIT DIE VOLGENDE VIR DIE AFRIGTERS IN

- Gerieflike en netjiese akkommodasie
- Alle maaltye ingesluit
- Oop kroeg vir albei aande
- Wildrit
- Beddegoed en eetgerei (Bring eie handoek)
- Seminaar inhoud

WAT OM SAAM TE BRING

- Handdoeke
- Notaboek en Pen

BESPREKINGS

- 'n Deposito van R 1000,00 per afrigter is nodig om julle plek te verseker.
- Stuur asseblief **so gou moontlik** die besprekingsvorm terug aangesien daar net 'n sekere aantal plek is!

Betaal asb u deposito in die volgende rekening in(Gebruik asb u skool se naam & "Swys de Bruin" as verwysing):

Camp Discovery (Pty)Ltd
FNB Hatfield
Takkode : 25 21 45
Rekening no : 62101822668

Stuur u inskrywingsvorm so gou moontlik terug om teleurstelling te voorkom!

Vir enige navrae oor hierdie Rugbyseminaar, kontak asb vir Natasha by 012 722 0072 gedurende kantoorure of epos haar by info@campdiscovery.co.za.

Besoek gerus ook ons webwerf by www.campdiscovery.co.za.

Ons sien daarna uit om u by ons pragtige terrein en opwindende Rugbyseminaar te verwelkom!

Camp Discovery Groete,

Marie van Deventer
Bemarkingsbestuurder
Sel: 082 697 1415
Epos: marketing@campdiscovery.co.za

Camp Discovery

USN Gevorderde Afrigtingseminaar
Met Swys de Bruin
Besprekingsvorm
2018

Naam van skool: _____

Tel: _____ Faks: _____

Kontakpersoon: _____ Sel: _____

Epos: _____

12 – 14 Januarie 2018

Naam van afrigter	Kontaknommer	E-pos adres

- ☐ **R1000 deposito betaal**
- ☐ **Betalingsbewys aangeheg**
- ☐ **Onderneem om totale bedrag 21 dae voor die aanvang van seminaar te betaal**

Faks asb besprekingsvorm na 012 722 0073 / 086 516 7634 of epos dit na info@campdiscovery.co.za

Hoof (Naam):_____**Handtekening:**_____

Datum:_____